

Woensdag 19 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22:1 – 23:21 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:3, 4; 23:3, 16, 21

Moenie Ahasia navolg nie, volg die HERE na!

Vandag waarsku God ons deur Ahasia: hy het, net soos sy moeder, glad nie op die HERE vertrou nie! Maar ons leer óók dat die HERE altyd getrou is, ons moet liever volkome op Hóm vertrou!

Daar was twee konings met die naam Ahasia, wat ironies genoeg “die HERE hou vas” beteken, terwyl hulle eintlik nié aan die HERE vasgehou het nie. Die eerste Ahasia, van Noord-Israel, was die seun van die goddelose Agab en Isébel. Die tweede Ahasia, van Juda (2 Kron. 22 en 23), se pa en ma, Joram en Atalia, moes eintlik nooit getrou het nie – Joram was die seun van die godvresende koning Josafat van Juda, terwyl Atalia die dogter van die goddelose Agab en Isébel was.

Toe Ahasia van Juda sy pa Josafat opvolg, kom ons agter dat hy onder die slegte invloed van sy goddelose ma en ooms (2 Kron. 3, 4) gekom het. Hulle het die voorbeeld gestel ten opsigte van goddelose daade en om met goddelose mense saam te werk. Ons leer hieruit: moenie trou met ’n ongelowige nie, en moenie ongelowige raadgewers aanstel nie! Volg nie vir Ahasia na nie! Maar ons leer óók uit hierdie geskiedenis dat die HERE altyd sy kerk in stand hou. Die poorte van die hel sal sy kerk nooit oorweldig nie. Die HERE doen dit volgens ons teks deur drie soorte mense:

- Die breë kerkvolk weet Wie die HERE is en wie sy kinders is, en wie nie. Volgens 2 Kronieke 21:20 word die goddelose koning Joram nie in die grafte van die konings begrawe nie, maar volgens 2 Kronieke 22:9 is Ahasia ter wille van sy godvresende oupa Josafat wél in die grafte van koning Dawid begrawe. Want die kerkvolk het aan die beloftes van die HERE vasgehou.
- Die tweede groep mense is die gelowige familie van Ahasia. Toe Ahasia sterf, het sy goddelose ma, Atalia, die leisels oorgeneem en al die moontlike troonopvolgers doodgemaak. Maar Ahasia se gelowige suster, Josabat, het Joas, Ahasia se seun, gesteel en weggesteek sodat daar volgens die beloftes van die HERE altyd ’n nakomeling van Dawid op die troon kan bly. Ons leer uit hierdie gebeure dat God vir Hom ’n volk uitkies en dat Hy aan hulle die geloof gee. Ahasia en Josabat het dieselfde goddelose ouers gehad – Ahasia bly goddeloos, maar Josabat word gelowig, en trou selfs met die hoëpriester Jojada.
- Die derde groep mense is die besondere ampte van die kerk. Ná ses jaar skep die hoëpriester Jojada moed. Hy versamel die gelowiges, wys hulle op die verbond van die HERE wat met Dawid gesluit is, herorganiseer die tempeldiens, en kroon die gelowige Joas as die wettige troonopvolger. Atalia word gedood en die kerk dien die HERE weer met blydskap en in rustigheid.

Jy, broer, suster, oom of tannie van kinders van goddelose ouers word deur middel van jóú gelowige voorbeeld, jou Bybellees, katkisasie, kerkbesoek en betrokkenheid geroep in diens van God se kerk! God hét sy belofte nagekom – Jesus is die ewige troonopvolger uit die huis van Dawid soos God belowe het.